

PRESTASIETOETS PROSEDURES

MERINO VELDRAMKLUBS

**Lees asseblief onderstaande inligting tesame met
Besendings Inligtingsvorm 1
en
Inligtingingsvorm 3**

1. Doel van 'n Merino veldramklub

Om potensiële teelramme onder eenvormige kommersiële boerdery-toestande akkuraat te evaluateer

2. Toetsprosedures

Voor inname en inname

- Ouderdom

Om rede die fisiologiese stadium van die ramme 'n groot invloed op hulle prestasie het, word aanbeveel dat die ouderdom van die ramme by inname so na as moontlik by mekaar sal wees. 'n Riglyn is dat ramme by inname nie ouer as ses maande moet wees nie en dat die verskil in ouderdom nie meer as twee maande moet wees nie.

- Toelatingsmassa

Daar moet gepoog word om toelatingsmassa so na as moontlik eenvormig te kry, sodat die effek van verskille in behandeling voor toetsing, so klein as moontlik sal wees en word die toelatingsmassa grense dus op **15 kg** vasgestel. Dit kom daarop neer dat die swaarste lammers en die ligste lammers nie meer as 15 kg in liggaamsmassa by toelating sal verskil nie. Gee dus aan voornemende deelnemers 'n aanbevole massa van byvoorbeeld 35 - 50 kg. Lammers wat die maksimum grens van 50 kg oorskrei moet nie afgelaai word nie maar die lammers wat onder die minimum grens van 35 kg afgelaai word, word op risiko van die teler afgelaai aangesien sodanige lammers moontlik nie binne die 20 kg inname massa grense na die aanpassingsperiode sal wees nie.

- Aanpassingsperiode

Die lammers wat binne die toelatingsmassa-grense gevallen het, moet so gou as moontlik na toelating geskeer word en daarna onder dieselfde voedings-/omgewingstoestande vir 'n aanpassingsperiode van **30 dae** laat loop word.

- Beginmassa

Na afloop van die aanpassingsperiode van 30 dae, word alle lammers se massa geneem op 'n 12 ure leë pensinhoud. (Ingekraalde sonder enige kos- of water-toestande). Die beginmassa grense word nou op **20 kg** vasgestel. In die praktyk word die swaarste lam se massa geneem en

afwaarts aangepas met 20 kg om die onderste grens te bepaal. Die ligste lammers in die groep wat nou buite hierdie 20 kg grens val, kan in die groep bly en by finale keuring hand-en-oog geëvalueer word en mag ook op 'n veiling aangebied word. Geen prestasiesyfers van die lammers sal deur S A Stamboek verwerk en beskikbaar gestel word nie.

Toetsperiodes

- Woltoetsperiode

Die woltoetsperiode van 'n **minimum periode van 180 dae** begin op dag wanneer lammers geskeer is, net na toelating

- Liggaamsmassa-toetsperiode

Die liggaamsmassa-toetsperiode vir bepaling van gemiddelde daaglikse groei (GDT), moet 'n **minimum van 150 dae** wees en begin op dag wanneer beginmassa geneem is. Die afsluit-liggaamsmassa na afloop van 'n minimum periode van 150 dae, moet ook op 'n 12-uur leë-pensinhoud (ingekraalde sonder enige kos- of water-toestande) geneem word. Dit word aanbeveel dat ramme sal groei teen 'n minimum van 90 gram per dag. **Indien die ramme teen gemiddeld minder as 50 gram per dag gegroei het, sal geen prestasie data deur SA Stamboek verwerk word nie en sal die volle toets afgekeur word.** Indien 'n Klub se gemiddelde daaglikse toename twee agtereenvolgende jare nie 50 gram per dag haal nie, sal dit aan Merino S.A. gerapporteer word, waarna sodanige Klub syakkreditasie by Merino S.A. kan verloor

- Dit word aanbeveel dat geen ramme vir watter rede ookal, sonder toestemming van die bestuur, tydens die toetsperiode uit die groep verwijder word nie
- Ramme moet in slegs een bestuursgroep wees en moet te alle tye in dieselfde trop loop en dieselfde bestuur geniet
- 'n Minimum **toetsgroep-grootte van 20 ramme** word vereis

Insameling van prestasietoets data

- Wolmonster

Die grootte van die midrib-monster moet minstens **30 gram** wees. Neem alle wolmonsters op die korrekte midrib-posisie. Die volledige ID nommer (KKM – Jaar - Volgnommer) moet by elke wolmonster verpak wees.

- Liggaamsmassa

Beginmassa, asook 'n afsluitings liggaamsmassa, na verloop van 'n minimum periode van 150 dae, word benodig. Liggaamsmassas moet in beide voormalde tye op 'n 12 uur-leë-pensinhoud (ingekraalde toestande sonder enige kos of water) geneem word.

- Vagmassa

Weeg alle wol (miskloste uitgesluit) tot minstens 0.1 kg akkuraat na afloop van 'n minimum wolgroei-periode van 180 dae. (Akkurate vagweging is baie belangrik)

- Elke dier se wolmonster, asook ingesamelde data, moet versend word na:

PER POS na:

**S.A Woltoetsburo
Posbus 1867,
PORT ELIZABETH
6000**

PER KOERIER na:

**S. A Woltoetsburo
H/v Gomery Avenue en
University Way
Summerstrand
PORT ELIZABETH
6000**

S. A Woltoetsburo se ander besonderhede as volg nl.:

Kontakpersoon:	Glenda Pietschmann / Johan Barkhuizen
Telefoonnummer:	0415036600
e-pos adres:	fleece@wtbsa.co.za

Met versending van wolmonsters moet seker gemaak word dat **BESENDINGS INLIGATION VORM 1** asook **INLIGATION VORMS 3** volledig **voltooi** word en **tesame met die wolmonsters versend** word. (Hou afskrif in veilige bewaring)

BESENDINGS INLIGATION VORM 1:

- Alle besonderhede van die klub moet voltooi word – maak seker dat e-pos adres, waarheen verwerkte data gestuur moet word, voltooi is..
- Maak seker dat blokkies gemerk word van watter toetse verlang word – aanbeveling is dat blokkies vir veseldikte, skoonopbrengs en stapellengte. gemerk word.

INLIGATION VORMS 3:

- Voltooi **bladsy nommer** en aantal bladsye wat inligting bevat.
- Voltooi **naam van klub**
- Voltooi die twee datums waarop diere **geskeer** is.

- Voltooи die twee datums (Beginmassa & Afsluitmassa – beide op 12 uur leë pensinhoud) waarop diere se massas **geweeg** is.
- Verskaf net ‘n **nommer**, in numeriese volgorde, om die aantal diere aan te duи
- Die **dier ID Nommer**, van elke dier soos van toepassing by die ramklub. Om verwarring uit te skakel moet geen toetsnommers van diere in die klub ingestuur word nie.
- Die **begin liggaamsmassa** van elke dier, tot naaste 0.5 kg, word ingevul.
- Die **afsluit liggaamsmassa** van elke dier, tot naaste 0.5 kg, word ingevul.
- Die **ruvagmassa** van elke dier, tot naaste 0.1 kg, word ingevul.
- By **graad** veld word die **punte** toegeken vir wol (eerste) en bouvorm (tweede), direk langs mekaar, ingevul.

3. ONTVANGS VAN VERWERKTE DATA

Merino Veldram Klubs sal hulle verwerkte data direk vanaf S A Stamboek terug ontvang en indien daar enige navrae is, skakel asseblief vir Herman Labuschagne by S A Stamboek by die volgende adres nl.:

S A Stamboek
Produksie-aantekening,
Posbus 270,
BLOEMFONTEIN
9300.
Tel. 051-4100900,
Faks: 051-4473964,

Navrae: **Herman Labuschagne** herman@studbook.co.za

of :

Kleinvee afdeling smallstock@studbook.co.za

4. ADDISIONELE INLIGTING:

Wegingsfaktore wat gebruik word is as volg:

1LM + 8SVM – 4VD + 136GDT

- Alle Merinoplan lede moet **ten minste 10 ramme, wat die nageslag is van ten minste 2 vaars is**, by ‘n veldramklub toets ten einde S A Stamboek in staat te stel om teelwaardes (EBV’s) te bereken en te verskaf.

- Nadat indeks inligting (**na afhandeling van die toets**) beskikbaar gestel is aan die klubs kan die klubs dan die diere se ID nommer koppel aan die toetsnompers van elke ram. Die diere se ID nommers (geen toetsnompers) moet ingestuur word om die uitreiking van gesandardiseerde veilings katalogusse te vergemaklik.
- Alle Merino Veldramklub data moet deur die S A Stamboek sentraal verwerk en gestoor word en slegs hierdie resultate mag as amptelike syfers bekend gemaak word.

Ander belangrike aangeleenthede van Merino SA wat nou gekoppel is aan die doeltreffende funksionering van Veldramklubs

Die amptelike metode vir die identifikasie van Merino skape

Merino S.A.® vereis dat elke Merino wat as stoet gebore is permanent geïdentifiseer sal word met 'n identifikasie nommer wat bestaan uit drie dele nl:

- Registrasienommer van stoet
- Jaar van geboorte
- Volgnommer

Voorbeeld: Reg. Stoet nr + Jaar van geboorte + Volgnommer = I.D.
1832 + 11 + 0123 = 1832060123

Let asseblief daarop dat,

- Die dier se identifikasie nommer moet soos bo op alle dokumente aangeteken word
- "Byname" mag nie gebruik word vir identifikasie doeleinades nie
- Ramme aangekoop by ander telers behou hulle oorspronklike identifikasie nommers
- Toetsnompers voorsien by Merino Veldram Klubs moet van rekord gehou word om dit te koppel aan die oorspronklike identifikasie nommer vir verwysings doeleinades

Punte toekenning vir Wol en Bouvorm

By keuring van skape voordat prestasie data ingesamel word moet 'n wol- en bouvorm punt toegeken word aan alle diere (ramme sowel as ooie – prulle ingesluit). Die toekenning van punte moet behartig word deur 'n geakkrediteerde Merino adviseur maar waar twee of meer telers se diere aanwesig is (by Merino Veldram Klubs), deur twee geakkrediteerde Merino adviseurs. Punte vir wol en bouvorm word as volg toegeken:

1 – 2	Swak
3 – 4	Onder Gemiddeld
5	Gemiddeld
6 – 7	Bo Gemiddeld
8 – 9	Uitstekend